# Heidelbergse Kategismus

## Sondag: 37

Vraag 101: Mag 'n mens ook godvresend by die Naam van God 'n eed sweer?

Antwoord: Ja, as die owerheid dit van sy onderdane eis of as die nood dit vereis om daardeur trou en waarheid te bevestig. Dit moet dan tot eer van God en tot heil van ons naaste gedoen word. Sod… nige eedswering is op die Woord van God gegr… die gelowiges in die Ou en Nuwe Verbond h… eg gebruik.



Vraag 102: Mag '… s ook by die heiliges of by ander skepsels s…

Antwoord: Nee, want om … te eed te sweer, beteken dat ek God aanroep … enigste kenner van die hart om vir die waarhe… ienis te gee en my … as ek vals sweer. H… er kom geen

Vraag 101: Mag 'n mens ook godvresend by die Naam van God 'n eed sweer?



Antwoord: Ja, as die owerheid dit van sy onderdane eis of as die nood dit vereis om daardeur trou en waarheid te bevestig. Dit moet dan tot eer van God en tot heil van ons naaste gedoen word. Sodanige eedswering is op die Woord van God gegrond

Deuteronomium 6:13: Vir die HERE jou God moet jy ontsag hê: Hom moet jy dien, en slegs in sy Naam moet jy sweer.

Deuteronomium 10:20: Vir die HERE jou God moet jy ontsag hê – Hom moet jy dien, aan Hom moet jy vashou en slegs in sy Naam moet jy sweer.

Jesaja 48:1: Luister hierna, huis van Jakob, wat met die naam Israel genoem word, en uit die waters van Juda voortgekom het, wat in die HERE se Naam 'n eed aflê en hulle op die God van Israel beroem, maar nie in waarheid en geregtigheid nie,

Hebreërs 6:16: Mense sweer immers by iemand belangriker as hulle, en die eed tot bevestiging beteken vir hulle die einde van alle teenspraak.

Vraag 101: Mag 'n mens ook godvresend by die Naam van God 'n eed sweer?



Antwoord: Ja, as die owerheid dit van sy onderdane eis of as die nood dit vereis om daardeur trou en waarheid te bevestig. Dit moet dan tot eer van God en tot heil van ons naaste gedoen word. Sodanige eedswering is op die Woord van God gegrond, en die gelowiges in die Ou en Nuwe Verbond het dit reg gebruik.

Genesis 21:24: Abraham het gesê: “Ek sweer.”

Genesis 31:53: Die God van Abraham en die god van Nahor, hulle sal tussen ons beslis.” Dit is die God van hulle voorvader. Jakob het 'n eed afgelê by die Vrees van sy vader Isak.

Josua 9:15: Josua het toe vir hulle vrede aangebied, en met hulle 'n verdrag gesluit om hulle te laat leef. Die leiers van die volksvergadering het dit vir hulle met 'n eed bevestig.

1 Samuel 24:22-23: En nou, kyk, ek weet dat jy beslis koning sal word, en dat die koningskap oor Israel onder jou hand sal standhou. Lê dan nou vir my 'n eed af by die HERE dat jy nie my nageslag ná my sal uitroei en my naam onder my familie sal uitdelg nie.” Dawid het toe vir Saul 'n eed afgelê, en Saul het na sy huis toe gegaan. Dawid en sy manne het egter na die bergskuiling opgegaan.

2 Samuel 3:35: Al die manskappe het gekom om vir Dawid brood aan te bied terwyl dit nog dag was. Maar Dawid het 'n eed afgelê: “Mag God my swaar straf as ek aan brood of enigiets proe voordat die son ondergaan!”

Vraag 101: Mag 'n mens ook godvresend by die Naam van God 'n eed sweer?



Antwoord: Ja, as die owerheid dit van sy onderdane eis of as die nood dit vereis om daardeur trou en waarheid te bevestig. Dit moet dan tot eer van God en tot heil van ons naaste gedoen word. Sodanige eedswering is op die Woord van God gegrond, en die gelowiges in die Ou en Nuwe Verbond het dit reg gebruik.

1 Konings 1:29-30: Die koning lê toe 'n eed af en sê: “So waar as die HERE leef, Hy wat my lewe uit alle nood gered het: Wat ek vir jou gesweer het by die HERE, die God van Israel, met die woorde, ‘Salomo, jou seun, sal beslis ná my koning word; hy is die een wat in my plek op my troon sal sit’, presies dít gaan ek vandag doen.”

Romeine 1:9: God, wat ek met my hele wese dien deur die evangelie van sy Seun, is my getuie dat ek gedurig aan julle dink

Romeine 9:1: Ek praat die waarheid in Christus – ja, ek lieg nie – en my gewete, deur die werking van die Heilige Gees, getuig teenoor my

2 Korintiërs 1:23: Wat my betref, ek roep God as getuie oor my dat ek juis om julle te spaar, nog nie weer na Korinthe gekom het nie.

Vraag 102: Mag 'n mens ook by die heiliges of by ander skepsels sweer?



Antwoord: Nee, want om 'n regte eed te sweer, beteken dat ek God aanroep as die enigste kenner van die hart om vir die waarheid getuienis te gee en my te straf as ek vals sweer.

Romeine 9:1: Ek praat die waarheid in Christus – ja, ek lieg nie – en my gewete, deur die werking van die Heilige Gees, getuig teenoor my

2 Korintiërs 1:23: Wat my betref, ek roep God as getuie oor my dat ek juis om julle te spaar, nog nie weer na Korinthe gekom het nie.

Vraag 102: Mag 'n mens ook by die heiliges of by ander skepsels sweer?



Antwoord: Nee, want om 'n regte eed te sweer, beteken dat ek God aanroep as die enigste kenner van die hart om vir die waarheid getuienis te gee en my te straf as ek vals sweer. Hierdie eer kom geen skepsel toe nie.

Matteus 5:34-36: Maar Ek sê vir julle: Julle moet hoegenaamd nie sweer nie – nie by die hemel nie, omdat dit die troon van God is; nie by die aarde nie, omdat dit die voetbank vir sy voete is; nie by Jerusalem nie, omdat dit die stad van die groot Koning is. Jy moet ook nie by jou eie kop sweer nie, want jy kan nie een van jou hare wit of swart maak nie.

Jakobus 5:12: Bo alles, my broers, moenie sweer nie – nie by die hemel nie, en nie by die aarde nie – en moet ook geen ander eed aflê nie. Maar laat julle “ja” 'n “ja” wees, en julle “nee” 'n “nee”, sodat die oordeel julle nie tref nie.

Vraag 101: Mag 'n mens ook godvresend by die Naam van God 'n eed sweer?

Antwoord: Ja, as die owerheid dit van sy onderdane eis of as die nood dit vereis om daardeur trou en waarheid te bevestig. Dit moet dan tot eer van God en tot heil van ons naaste gedoen word. Sodanige eedswering is op die Woord van God gegrond, en die gelowiges in die Ou en Nuwe Verbond het dit reg gebruik.

Vraag 102: Mag 'n mens ook by die heiliges of by ander skepsels sweer?

Antwoord: Nee, want om 'n regte eed te sweer, beteken dat ek God aanroep as die enigste kenner van die hart om vir die waarheid getuienis te gee en my te straf as ek vals sweer. Hierdie eer kom geen skepsel toe nie.

## SONDAG: 37 - VRAAG EN ANTWOORD: 101

Vraag: Mag 'n mens ook godvresend by die Naam van God 'n eed sweer?

Antwoord: Ja, as die owerheid dit van sy onderdane eis of as die nood dit vereis om daardeur trou en waarheid te bevestig. Dit moet dan tot eer van God en tot heil van ons naaste gedoen word. Sodanige eedswering is op die Woord van God gegrond[1], en die gelowiges in die Ou en Nuwe Verbond het dit reg gebruik[2].

1 Deuteronomium 6:13; Deuteronomium 10:20; Jesaja 48:1; Hebreërs 6:16

2 Genesis 21:24; Genesis 31:53; Josua 9:15; 1 Samuel 24:22-23; 2 Samuel 3:35; 1 Konings 1:29-30; Romeine 1:9; Romeine 9:1; 2 Korintiërs 1:23

## SONDAG: 37 - VRAAG EN ANTWOORD: 102

Vraag: Mag 'n mens ook by die heiliges of by ander skepsels sweer?

Antwoord: Nee, want om 'n regte eed te sweer, beteken dat ek God aanroep as die enigste kenner van die hart om vir die waarheid getuienis te gee en my te straf as ek vals sweer[1]. Hierdie eer kom geen skepsel toe nie[2].

1 Romeine 9:1; 2 Korintiërs 1:23

2 Matteus 5:34-36; Jakobus 5:12